# GEHEIME VIR GESONDE VERHOUDINGS

## Deel 3 – Vriendelikheid: Liefde in Aksie

### Afskop

**Wat het die afgelope week in jou lewe gebeur wat jy graag met jou groep sal wil deel, of waarvoor jy gebed nodig het?**

---

---

### Vrae vir Bespreking:

Werk deur al hierdie vrae VOOR julle Kleingroep byeenkoms. Dit help jou voorberei vir julle byeenkoms sodat julle 'n sinvolle bespreking kan hê. Skryf jou antwoorde neer. Julle gaan nie noodwendig al die vrae bespreek nie en ook nie noodwendig dit in die volgorde hanteer nie.

**Kan jy 'n insident in jou lewe as kind onthou waar 'n volwassene jou met vriendelikheid behandel het en dit 'n groot impak in jou lewe gemaak het? Hoekom het dit die impak gemaak? Vertel jou groep daarvan.**

---

---

---

**Op watter manier het jy al beleef dat die woorde van mense seermaak en vir lank nog in jou hart vassit? Deel met jou groep indien jy gemaklik is.**

---

---

**Wat was jou gedagtes oor God toe jy jonger was? Was vriendelikheid een van die gedagtes oor God? Verduidelik.**

---

---

---

**Lees Titus 3:4. Hoe laat dit jou voel as Paulus sê dat Jesus is die goedheid/vriendelikheid/liefde in aksie van God? Hoe vergelyk dit met jou gedagtes van die vorige vraag?**

---

---

---

**Lees deur die volgende gedeeltes en beantwoord die vrae:**

**Romeine 15:7 en 1 Petrus 2:17. Hoekom dink jy is eer en respek vir ander mense, so belangrike saak vir die Here?**

**Galasiërs 6:10. Hoe dink jy lyk geleenthede om goed te doen aan mense? Hoe kan ons dit makliker identifiseer?**

**Matteus 25:31-46. Wat het vir jou uitgestaan in hierdie gedeelte?**

**Watter invloed het ons optrede teenoor mense volgens hierdie gedeelte?**

**Lukas 10:30-37. Watter persoon het volgens Jesus reg opgetree– die wat goeie intensies dalk gehad het of die persoon wat iets gedoen het aan 'n persoon wat niks vir homself kon doen nie? As jy evalueer hoe jy tans lewe, wie is jy meer in die gelykenis?**

**In die preek is genoem dat ons 'n lys moet maak met mense se name vir wie ons tot seën wil wees hierdie week. Indien jy dit nog nie gedoen het nie, maak 'n lys met 7 name van mense vir wie jy liefde in aksie wil wys die komende week. Skryf maniere neer hoe jy dit prakties kan doen en vra die Here om vir jou geleenthede te wys.**

## Gebed en Omgee

*Sluit julle tyd af deur gebedsversoeke met mekaar te deel. Indien iemand in die groep kan uithelp met die behoefte of uitdaging is dit goed. Bid saam vir mekaar en vir mekaar se behoeftes waaraan die groep nie verandering kan bring nie.*

**Jy is welkom om van julle groep se gebedsversoeke neer te skryf sodat jy verder deur die week daaroor kan bid:**

## Neem 'n Volgende Stap

*Hierdie gedeelte is vir na julle groepsbyeenkoms sodat jy in jou eie hart kan vasmaak en gehoorsaam kan wees aan wat die Heilige Gees vir jou in julle bespreking openbaar het. Sit 'n tydjie na julle groepstyd uit sodat jy kan nadink oor julle bespreking en tyd saam.*

**As jy terugdink oor julle groepstyd en julle bespreking, wat het vir jou uitgestaan? Wat verstaan jy beter? Wat kan jy met iemand deel? Waaroor moet jy nog bietjie nadink? Wat ervaar jy druk die Heilige Gees op jou hart om in hierdie week te doen? Neem 'n oomblik en dink na oor julle byeenkoms en skryf iets neer wat jy wil vasmaak in jou eie hart.**